

## INHOUDSOPGAWE

Woon die Heilige Gees in jou?	1
Die geheim van die smid	5
Alle dinge	7
Advies en leiding	9
Wat sê die Bybel oor die Bybel?	10

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## WOON DIE HEILIGE GEES IN JOU?

HJ Messelink

'n Gesprek tussen pa en seun na aanleiding van die preek:

Jan: Die dominee het vanoggend in sy preek gesê: julle is almal tempels van die Heilige Gees. Die Gees woon in elkeen van julle. Ek is nie so seker daarvan nie. Ek ervaar dit nie so nie.

Pa: Ja, maar die dominee het dit nie sommer net gesê omdat hy self so dink nie. Hy het die Skrif aangehaal. In I Korinthiërs 3:16 staan daar tog: "*Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?*" En in 1 Korinthiërs 6:19: "*Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het?*" Dit staan so in die Bybel!

Jan: Dit kan alles waar wees, maar wie sê dat dit vir my geld? Ek het glad nie die gevoel dat die Gees in my woon nie. As dit so was, dan sou ek tog baie seker moes voel en veel meer bewus moes wees dat God in my woon.

Pa: Dit is mos eerstens 'n saak van geloof?

Jan: Ja, jy moet dit glo, maar ék soek sekerheid. Hoe weet ek nou dat



die Gees in my woon?

So baie vrae! Het ons die Gees? Woon die Heilige Gees in jou, in jou hart, in jou liggaam? Kan jy dit met sekerheid sê? Durf jy dit sê? Moet jy dit nie eers ondervind, ervaar nie? Daar is selfs mense wat beweer dat jy kan glo sonder dat jy die Heilige Gees ontvang het; jy moet net later die doop met die Heilige Gees ontvang. Is dit so?

Met al die vrae kan 'n mens maklik begin twyfel!

### Wie is die Heilige Gees?

Ons moet met hierdie vraag begin: Wie is nou eintlik die Heilige Gees? As antwoord kan ek aansluit by wat die Heidelbergse Kategismus in Sondag 20 sê: dat Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige

God is. Hoekom is dié sinnetjie so belangrik? Omdat dit duidelik aantoon dat die Heilige Gees nie een of ander geheimsinnige krag is nie, maar net soos die Vader en die Seun 'n Persoon, die derde Persoon in die goddelike Drie-Eenheid. Die Heilige Gees is iemand. Jy kan Hom aanroep en tot Hom bid.

'n Mens mag dus nooit die Heilige Gees van die Vader en die Seun losmaak nie. Hy is net so 'n egte Persoon as die Vader en die Seun. Dat Hy Gees genoem word, sê dat Hy van die Vader en die Seun uitgaan. Die Vader stuur byvoorbeeld die Gees uit om die skepping nuut te maak (Psalm 104:30). Die Seun stuur die Gees op die Pinksterdag uit na sy gemeente om die gemeente só te vervul met sy verlossingsgawes. Die Gees gaan van die Vader en die Seun uit soos asem uit iemand se mond.

**Vanaf Pinkster is ons in volle vaart op pad na dié dag waarop God se werk voltooi sal wees.**

Dit impliseer dan dat die Heilige Gees ook sy eie taak het. Hy is heilig ('Heilige Gees') en Hy maak heilig. Natuurlik is die Vader en die Seun ook heilig, maar dit staan so geskrywe, dat dit in besonder sy werk is om te heilig. Heiliging is om te rig op God, om aan God te wy. So kan die Heilige Gees vanaf die begin die skepping heilig. Dit staan so in die begin van die Bybel (Genesis 1:2): ". . . en die Gees van God het gesweef op die waters." God het die hemel en die aarde geskep, en dadelik is die Heilige Gees aktief om die band tussen God en sy skepping vas te hou. Hy sorg daarvoor dat die skepping God se eiendom bly en op God gerig bly. In heiligheid sweef Hy oor die woeste aarde. Daarom sê ons ook dat alles wat God geskep het, goed is, en dat niks daarvan verwerplik is nie. Die wêreld is

en bly God se wêreld. Daarvoor sorg die Gees.


Die Gees heilig ook sondige mense. Dat ons, sondaars, kinders van God kan word, is 'n wonder van die Heilige Gees. Hy gee ons 'n nuwe hart, Hy maak van ons ander mense. Hy maak dooie mense lewend, en dit is net so 'n wonder soos die skepping in Genesis 1. (Lees gerus die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3/4, par. 11 en 12).

Daardie bekeringswerk het die Heilige Gees ook al in die Ou Testament gedoen. Tog sien ons in die Nuwe Testament 'n geweldige uitbreiding van die werk van die Gees. Op die Pinksterdag stort Jesus Christus, die Oorwinnaar oor sonde en dood, die Gees in sy gemeente uit. Dit was iets wat God lankal belowe het, wat in die boeke Esegïël en Joël aangetref word. Nou laat God dit in vervulling gaan.

Wat doen die Gees dan nou vanaf Pinkster? Hy stel die saak van die gekruisigde Christus oral aan die orde, en laat die boodskap van die kruis oral gehoor word. So dwing Hy die mense tot 'n keuse: kniel voor die Here Jesus of bly lê in die dood. Dit is hoekom Pinkster by uitstek die sendingfees genoem word. Vanaf die Pinksterdag in Jerusalem laat die Gees die boodskap van die kruis verkondig, en niemand kan meer daaraan ontkom nie. Elkeen moet sy ware kleure wys. Die Gees sorg persoonlik daarvoor dat niemand meer vir Jesus Christus kan ontken nie! So is die naam van die Heilige Gees onafskeidbaar verbonde aan die laaste fase van die geskiedenis.

Vanaf Pinkster is ons in volle vaart op pad na dié dag waarop God se werk voltooi sal wees. Pinkster is die begin van die einde. Die Gees berei die kerk en die wêreld voor vir die ontmoeting met hul Regter Jesus Christus. Dit is nou kenmerkend van die werk van die Heilige

**Selfverloening ter wille van Christus is die hoogste vorm van selfbehoud.**



Gees in hierdie laaste dae.

As ons dus praat oor die Heilige Gees en sy werk, moet ons nie maak asof dit iets geheimsinnigs is nie. Hy is 'n Persoon, en uit die Bybel weet ons van sy werk. Dit is begryplik dat dit lyk asof ons minder van die Heilige Gees weet as van die Vader en die Seun, omdat die Heilige Gees optree as die Gees van die Vader en die Gees van Christus. Die Gees is nie uitgestort om vir Homself aandag te vra nie, maar om ons aan Jesus Christus en al sy weldade deelagtig te maak. Dit beteken dus nie dat Hy minder belangrik of minder eg is nie. Hy is saam met die Vader en die Seun God. Ook Hom moet ons as ons God aanbid!

### Maar woon Hy ook in my?

Alles goed en wel, sou jy nou kon sê, maar woon die Gees ook in my en hoe weet ek dit? Dit was immers die vraag waarmee ons begin het.

Ek wil jou iets anders vra: glo jy in God? As jou antwoord hierop 'ja' is, stel ek jou nog 'n vraag: glo jy dat die Here Jesus aarde toe gekom het en aan die kruis gesterf het vir jou sondes? As jy hierop ook positief kan antwoord, het jy eintlik die vraag in die begin al beantwoord. Want waar kom die geloof in God en in Jesus Christus eintlik vandaan? Val dit sommer net uit die lug? Kom dit spontaan in jou op? Is die geloof 'n prestasie van jou eie vroom hart? Of is jou geloof 'n geskenk? Ek wil jou hier byvoorbeeld

wys op Sondag 25 van die Heidelbergse Kategismus. Daar kom die vraag aan die orde waar ons geloof in Christus vandaan kom. En die antwoord is: van die Heilige Gees wat dit in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige evangelie.

Die Heilige Gees werk dus die geloof in jou hart. As jy glo in God die Vader as jou Skepper en God die Seun as jou Verlosser, kan jy dit slegs doen omdat God die Heilige Gees in jou hart aan die werk was en is. Daarom lees ons ook in die Bybel dat niemand kan sê dat Jesus die Here is as dit nie deur die Heilige Gees is nie (1 Kor 12:3). Iemand wat regtig in Jesus Christus glo, *het* die Heilige Gees as Bewoner van sy hart.

Jy wat glo, mag dus sê: ek het die Heilige Gees ontvang. Die gawe van die Heilige Gees is nie 'n "ietsie ekstra" meer as die geloof nie, maar juis die voorwaarde dat ek kan glo. Dit is nie 'n bykomstigheid nie, maar gaan aan die geloof vooraf. As sommige mense dan vandag beweer dat jy in die Here Jesus kan glo sonder om met die Heilige Gees vervul te wees, is dit onwaar. Bowendien maak hulle die Gees van die Seun los, en ons het gesien dit kan nie, en mag nie. Die Gees is juis die Gees van Christus! Jy kan dus nie 'n verhouding hê met een Persoon van die Drie-Eenheid sonder om 'n verhouding met die ander Persone te hê nie. Lees bietjie Efesiërs 3:16 – 19!

'n Mens kan nie glo sonder die Heilige Gees in jou hart nie. Jy kan nie 'n Christen genoem word sonder sy vernuwende werk nie. As jy opreg glo, is jou liggaam 'n tempel van die Heilige Gees. Daaraan hoef 'n mens regtig nie te twyfel nie. Dit beteken nie dat jou geloof altyd ewe sterk is nie. Jou geloof kan aangeval word. Die duiwel is gedurig daarmee besig om jou te laat twyfel. Ons bely elke keer as ons die Nagmaal vier dat ons geloof nie volkome is nie. Dit is iets wat ons nie

**As 'n kerk haar woorde begin devalueer, dan word die kerk 'n ramp vir die volk.**

- K Schilder

uit die oog moet verloor nie. Die geloof ervaar ook hoogtepunte en laagtepunte. Juis daarom is dit goed om te weet dat jou geloof 'n gawe is, 'n daad van die Heilige Gees; en dat die werking van die Heilige Gees al by jou doop belowe is. Juis in twyfel en in aanvegtinge kan jy telkens daarna terugkeer, want wat ook al in jou lewe verander, die belofte van jou doop en die gawe van die Gees verander nooit nie.

In die gesprek hierbo het Jan sekerheid gesoek oor die vraag of die Heilige Gees wel in hom is. Hierdie sekerheid kan hy kry. As hy glo, mag hy, ja, moet hy daardie geloof sien as die magtige werk van die Gees in sy hart - 'n wonder!

### **Die Heilige Gees nie uitdoof nie**

Jan kan dus sekerheid hê, maar is dit wel die sekerheid van 'n aktiewe geloof? Daarin was sy pa reg. Die Heilige Gees werk nie meganies of outomaties nie. Dink aan jou doop. By die doop het die Heilige Gees jou belowe, verseker selfs, dat Hy in jou wil woon en jou tot 'n lewende lidmaat van die Here Jesus wil maak. Hy wil dit doen deur jou deel te gee aan al die skatte van die Here Jesus, naamlik die afwassing van jou sondes en die vernuwing van jou lewe.

Moenie dink dat die belofte sommer vanself in vervulling gaan nie. Die beeld van 'n tjek kan dit illustreer. Die belofte by jou doop is so 'n tjek. As ek 'n tjek uitskryf van R1000 en ek gee dit vir jou, dan kan jy sê: ek het R1000 gekry. Dit is waar, maar dan moet jy nog met die tjek bank toe gaan en dit ruil vir kontant ter waarde van R1000, anders het die tjek vir jou niks beteken nie. Jy kan die tjek ook opskeur of in 'n laai bêre en dan is dit waardeloos. So is dit ook met God se belofte. Jy moet daardie belofte neem en in kontant omsit. Hoe? Deur dit werklik te glo. Jy moet jou doop in geloof aanvaar. Ons moet God vra om die beloftes in ons lewe te vervul. Jy moet dus werk

met daardie goddelike tjek. Dit is jou verantwoordelikheid in die kerk. Jy moet in geloof met God se beloftes werk, ook met die belofte van die Heilige Gees. Hy werk slegs deur baie gebed en geloofstryd. En dit is goed so want daardeur word jy telkens teruggeruk na wat God jou belowe het, sodat jy kan beseft dat jy volkome van sy genade afhanklik is.

In die kerk kan jy sing: "Ons sal wat Hy beloof het, erwe, verseël deur die Heil'ge Gees" (Skrifberyming 24:7), maar jy kan dit slegs in die geloof sing, terwyl jy tegelykertyd vir die vervulling van die belofte bid. So mag jy baie seker weet dat die Heilige Gees die kerk en jou persoonlik nooit meer sal verlaat nie. In geloof laat jy steeds die deur van jou hart oopstaan en laat jy die Gees inkom om die vuil van die sonde uit jou hart weg te spoel en van jou 'n tempel vir God te maak.

**Iemand wat regtig in Jesus Christus glo, het die Heilige Gees as Bewoner van sy hart.**

Ek sê met opset: jy moet die deur van jou hart wel oopmaak vir die Gees. Die Bybel sê dat die teendeel ook waar kan wees. Jy kan die Gees ook uitdoof, soos 'n mens 'n vuur blus. Jy kan die Gees ook bedroef. Hoe? Deur byvoorbeeld sonder enige belangstelling in die kerk te sit. Deur nie self in jou Bybel te lees nie. Deur 'n onchristelike leefwyse soos drankmisbruik ens. Dan jaag jy die Gees weg uit jou hart en word jy onseker. Dan begin jy twyfel en ten slotte, as jy jou nie bekeer nie, beland jy in volslae ongeloof. Daarom moet jy deeglik bewus wees van jou verantwoordelikheid en besig wees met God se Woord, Sondae in die kerk en elke dag van die week. Slegs op hierdie manier wakker jy die vuur

**Daar is vir die kerk niks gevaarliker as selfverdediging vanuit 'n gevoel van selftevredenheid nie.**

- C Hattingh

van die Gees in jou binneste aan, eerder as om dit uit te doof.

### Jou liggaam is 'n tempel van die Gees

Ek wil ten slotte nog terugkom op wat die predikant in sy preek gesê het: gemeente, julle is almal tempels van die Gees. Die dominee mag dit sê. Hy het die gemeentede as gelowiges aangespreek. Die liggaam van 'n gelowige is nie iets waarmee jy maar kan maak wat jy wil nie. Jou liggaam is 'n heiligdom van die Gees, daarom moet dit suiwer en heilig bewaar word. As jy glo, woon niemand minder as God self in jou nie. Dit is 'n groot wonder. Dit is slegs moontlik deur die bloed wat Jesus vir jou gestort het. Hy het jou so gekoop, met liggaam en siel, en Hy neem die leiding in jou lewe deur die inwoning van die Gees in jou liggaam.

Twee dinge kan daarvan gesê word. Eerstens,

dat jou liggaam nie iets minderwaardigs is nie. Jou liggaam is nie onwaardig om 'n huis van God te wees nie. Jy hoef nie skaam te wees vir jou liggaam nie. Ook nie vir jou seksuele gevoelens nie. God het dit ook geskape. Dit is op sigself goed.

In die tweede plek beteken dit wel dat jy jou liggaam en jou seksuele gevoelens as iets kosbaars moet beskou. Jy moet jou liggaam en jou gevoelens só aanwend dat die Gees in jou liggaam kan bly woon. Daarom mag daar geen verkeerde omgang met jou liggaam wees waarby die bevrediging van jou eie gevoelens en begeertes die middelpunt is nie. As jy 'n tempel van die Gees mag wees, dan wil jy die tempel tog ook mooi en heilig bewaar? Dit is mos eintlik vanselfsprekend?

## DIE GEHEIM VAN DIE SMID

*ALT de Buijne*

*“En ek het my oë opgeslaan en gekyk - daar was vier horings . . .*

*Daarop toon die HERE my vier smede. Toe sê ek: wat kom hulle maak?”*

Sagaria 1:18, 20, 21a.

### Verbasing

Wat kom maak hulle hier?

'n Verbaasde vraag. Wie jy ook al verwag het, dit was nie hulle nie!

God voldoen nie altyd aan jou verwagtinge nie. Wat jy hier van onder af dink is nodig, oortref Hy van bo af.

Sagaria sien in 'n gesig twee beelde na mekaar. Eers vier horings. Beeste het horings. Hulle storm aan uit vier windrigtings. Hulle jaag alles in vier windrigtings uiteen. Almal word afgemaai.

Dan verdwyn die horings. Vier smede kom in beeld. Hulle vorm God se antwoord op die horings. Maar hoe pas hierdie twee beelde by mekaar? Hoekom is daar nie 'n vee-deskundige ingeroep nie? Of 'n herder, 'n jagter, desnoods 'n slagter?

Maar 'n smid? Wat kan hy met 'n horing uitrig? Wat is die geheim van die smid?

**Yster**

**Om te gee is om regtig te hê.**

**- CH Spurgeon**



Die horings staan vir die magte wat God se volk onderdruk. Sedert die intog in Kanaän is ander volke besig om op te dring. Uiteindelik word Israel deur sterk leërs uitmekaar gejaag. Mense raak verstrooid onder die volke. Jerusalem en die tempel word vernietig.

Daardie magte is sterker as wat mens dink. Agter daardie volke werk God se teëstander, die Satan. Hy kan doen wat hy wil as gevolg van Israel se sonde. Dit maak die teëstander meer as net sterk: onoorwinlik.

Op sulke magte is daar nie 'n antwoord nie. In Sagaria se tyd is die volk Israel weer toegelaat om na Jerusalem terug te keer, maar die opbou van die stad en die tempel vorder moeisaam. Nog steeds domineer ander volke hulle. Dit is ewenwel nie vreemd nie. Die probleem van hulle sonde is nog nie opgelos nie. 'n Sterk mag word deur die Bybel aangedui met die beeld van 'n horing, 'n mag wat nie oorwin kan word nie. Die Bybel gebruik die beeldspraak: dit gaan oor 'n horing van yster.

### **Van liefde smelt**

Mag word met mag afgeweer. Maar op 'n onoorwinlike teëkrag is daar nie 'n antwoord nie. Horings van yster kan nie met geweld gebreek word nie. Tog kan jy yster kleinkry as jy dit eers

smelt. Yster kan nie standhou teen 'n smid nie. Horings van yster het niks te vrees nie. Maar sodra daar 'n smid kom, word hulle bang. Hulle krag word weggesmelt in sy vuur.

Vuur? Hoe het God dan in die tyd na die ballingskap geantwoord? 'n Mens sien tog nêrens dat Hy die teëstander sy krag ontnem nie?

Die HERE Self het in ywer vir sy volk ontbrand! God se liefde gaan opnuut uit na sy volk van sondaars. Daarmee verloor die teëstander sy magsbasis. As die HERE tog sondige mense gaan liefhê, word alle teëkragte bang. Nou sal hulle verloor. In Sagaria se tyd lyk dit of daar niks verander het nie, maar die HERE vernuwe bo alle verwagting die band van liefde tussen Hom en Israel. Daardie liefde smelt die mag van die teëstander weg.

### **Verwondering**

Soms soek jy 'n ander antwoord van God op jou omstandighede. Dink net hoe hulle in die dae na die ballingskap moes gedroom het van 'n kragtige ryk onder 'n nuwe Dawid. En hoe hulle daarna verlang het dat die sterk magsblokke verswak. Hoe hoop ons nie nou op die oorwinning oor negatiewe magte soos onreg en geweld en siekte nie. En sou ons nie graag sterk wou voel in die stryd om as Christen te lewe nie? As minderheid in 'n ongelowige omgewing?

**As die HERE tog sondige mense gaan liefhê, word alle teëkragte bang.**

Antwoord die HERE hoegenaamd op jou omstandighede? Soms kan jy God se reaksie glad nie verstaan nie. Tog word die teëstander maar net sterk gemaak deur die sonde. By

**Mense wat dood in hulle oortreding en sonde is, kan net so min self ware geloof voortbring, as wat 'n dooie liggaam in die graf iets kan bydra tot sy opstanding.**

- JG Machen


Christus brand God se nuwe liefde vir sondeers in elke situasie. Hy het die teëstanders oorwin met 'n offer. Hy smelt die verset in mense weg. Vir Hom moet elke teëstander een of ander tyd wyk.

Is dit 'n antwoord, sal jy dalk verbaas vra? Maar verbasing sal plek maak vir verwondering. Die kwaad word deur die liefde oorwin.

Dit is die geheim van die smid.

## ALLE DINGE

*JH Velema*



*“Sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?”*

Rom. 8:32

Dit is 'n indrukwekkende woord.

‘Alles’, alle dinge, het hier 'n ondergeskikte plek. Dit is minder as God se eie Seun.

Dit beteken dat ons nooit na ‘alle dinge’ los van Christus mag kyk nie. Paulus skryf, “*saam met Hom*”. Alles word deur Christus bepaal en word uit Christus gegee. Christus dra die sleutel tot al

die skatkamers van God. God kan nie die sleutels by sy Seun wegneem nie. Hy bly die Gewer, maar Hy gee ter wille van Christus en saam met Christus. Hy gee dit tot die mate wat dit ons tot Christus bring, ons aan Hom bind, ons uit Hom laat lewe.

Dit hou in dat Christus met alles te make het. Dikwels sien ons dit nie raak nie. Ons maak so maklik skeiding tussen die natuurlike en die geestelike. Ons dink dikwels so godloos oor die aardse dinge, die dinge wat van dag tot dag tog sóveel van ons lewe in beslag neem. Dis vir ons erg dat ons in 'n gesekulariseerde samelewing lewe, 'n geestelike klimaat waarin daar nie meer vir God plek is nie; maar ons vergeet dat ons ook dikwels nie in óns daaglikse lewe vir God plek gee nie. Hoe min hou ons met Hom rekening en hoe dikwels sien ons sy hand nie in die klein dingetjies van die lewe raak nie.

Tog staan dit daar: Saam met Christus gee God alle dinge. Dit is goed om daarvoor na te dink; meer nog om daaruit te lewe.

Wie belydenis afgelê het, het 'n herinnering aan 'n mooi belydenisdienst. Hy of sy staan op 'n hoogtepunt. Vir 'n oomblik lyk dit asof niks meer gebroke is nie en asof alles só sal bly. Die werklikheid van die lewe is egter anders. Van

**God het drie dinge wat Hy liefhet in hierdie wêreld: sy heiliges, sy erediens and sy waarheid. En dit is moeilik om te sê watter een staan voorop.**

**- Thomas Goodwin**

die berge kom ons af, of word ons afgestoot, tot in 'n laagte. Wat bly oor van my belydenis, my goeie voornemens, my getuienis: sonder U is ek verlore?

Dit gaan daaroor om met die Here te lewe in die gryse gang van die lewe, waarin die een dag lyk soos die ander en waarin u o, so diep van die Here afhanklik is. Dit gaan daaroor om alle dinge uit sy hand te ontvang; om te glo dat Hy alle dinge in sy hand het en dat Hy presies gee

**Hy sal skenk wat u nodig het; wat by u pas en wat vir u lewe vormend is.**

wat elkeen nodig het om Hom te dien en vir Hom te lewe — om jou belydenis in die praktyk van elke dag te belewe.

Nie juis opspraakwekkend nie? Miskien, maar dit is wesenlik. Hieruit blyk of ons die Here werklik wil volg.

In 'n sekere sin is dit maklik om in die erediens te sing: "My hart, o Hemelmajesteit, is tot U diens bereid", maar ons moet ook in die middel van die week laat sien dat ons lewe op die Here ingestel is. Dit beteken dat ons ons oë op Hom rig, ons harte tot Hom ophef en ons hande vir Hom oopmaak.

Alle dinge — watter dinge?

Die één sal hier iets anders antwoord as die ander, want dit word deur die verloop en die behoeftes van elkeen se lewe bepaal. 'n

Huisvrou het ander sake en pligte as 'n minister wat sy beleid in 'n Volksraad moet verantwoord. 'n Vader van 'n groot gesin het ander behoeftes as 'n pensioenaris.

Daar is mense wat feitlik nooit siek is nie en daar is mense wat kroniese pasiënte is. In een gesin lyk dit asof alles altyd seepglad loop en in 'n ander gesin is daar altyd probleme en sake. Sommige kinders is sonstrale in die huis en ander kinders maak die lewe vir hulle ouers duister.

Die een vrygesel het hom of haar met die lewe versoen en is deur vrywillige barmhartigheidsdiens tot 'n seën van ander, die ander versuur en verkniep sy of haar eie lewe in medelye met sigself en jaloesie op ander.

Daar is ouer mense wat nog straal van jeugdige krag en daar is ander wat die aftakeling van die lewe op droewige wyse ervaar.

Die lys kan langer gemaak word. Daar is baie uitdagings in die lewe en baie om te ervaar. Wie dikwels met mense omgaan en in gesprekke sit en luister, weet hoe moeilik die lewe kan wees.

Het dit iets met die teks te doen?

Alles, en nogeens, alles!

Vir welke situasie ook al op u van toepassing is, geld: "Sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" Skenk wat u nodig het; wat by u pas en wat vir u lewe vormend is.

Van U is alle dinge; van U o God alleen. Van U die seëninge en die beproewinge, één vir één.

**Al wat jy nodig het om 'n ketter te wees, is 'n bietjie intelligensie en 'n bietjie hoogmoed.**



# ADVIES EN LEIDING

J.C. Den Ouden



Hoe ver mag jy gaan om van ander hulp en advies te vra? Daar staan immers in Psalm 146 dat jy nie op prinse moet vertrou nie? Wat is die goue middeweg?

Die eerste adres vir hulp en advies is God. Jy moet nie verwag dat God op 'n direkte wyse in die vorm van 'n stem in jou kop of deur visioene, leiding gee nie. God gee riglyne deur middel van sy Woord (die Bybel). Psalm 119:105 sê dat die Woord 'n lamp vir ons voet en 'n lig op ons pad is. En, sê Psalm 19:8b: *“Die getuïenis van die Here is gewis (betroubaar): dit gee wysheid aan die eenvoudiges.”* Jy hoef nie 'n Bybelgeleerde te wees nie, maar jy moet wel tuis wees in jou Bybel, wat vir jou 'n lamp vir jou voet wil wees. Die Bybel gee nie altyd 'n direkte antwoord op al jou vrae nie. In die Bybel vind jy nie 'n antwoord as dit gaan oor die keuse van 'n beroep of die keuse van 'n lewensmaat nie.

In die Bybel vind jy wel sekere riglyne.

Die eerste riglyn is dat die keuses wat jy maak

nooit in stryd mag wees met God se wet nie.

Wat is God se wet? God se wet sê dat jy God bo alles moet lief hê en jou naaste soos jouself. Besluite wat jy neem mag nooit ten koste van jou liefde tot God en jou naaste wees nie. As dit gaan oor 'n keuse van opleiding en 'n beroep, betrek daarby die gawes wat jy ontvang het. In sy voorsiening en leiding gee God gawes, soos liefde en verstand vir 'n bepaalde werk. God gee talente en geleenthede om dit te benut. Vra jouself af of hierdie geleenthede jou daarvan weerhou om die Here te dien. Dán is so 'n geleentheid vir jou 'n versoeking, waarvoor jy baie versigtig moet wees.

Dit is belangrik dat ons mooi lees wat in Psalm 146 staan. Jy word nie verbied om hulp te soek by mense nie. Dit mag egter nie die plek van God inneem nie. Jou hoogste vertrouwe moet in die Here wees. Dit neem nie weg dat God wel mense aan jou kan gee wat jou kan raad gee en help nie. God maak byna altyd gebruik van mense. In die prediking spreek God nie regstreeks tot ons nie maar deur sy diensknegte, deur die Woord. As ek siek is mag ek gebruik maak van medisyne en dokters, want God gee dit. Ek mag nie by voorbaat dink dat dit alleen sal help nie. As ek dít doen, stel ek my vertrouwe op prinse. Ek moet beseft dat ek afhanklik bly van God se seën en voorsiening.

In Spreuke 11:14 staan daar: *“As daar nie goeie oorleg is nie, val 'n volk; maar in die veelheid van raadgewers is redding.”* Jetro was so 'n raadgewer. Hy kom lê besoek af by Moses en sien dat sy skoonseun die baie werk nie kan

**Elkeen moenie slegs daar wees vir sy naaste nie, maar hom oorgee vir sy naaste, al kos dit ons liggaam, lewe, goedere, eer en alles wat ons het.**

- M Luther

bemeester nie. Hy gee die raad om 70 helpers aan te stel. Dit sou dwaas wees as Moses hierdie raad in die wind sou slaan.

**Advies moet altyd getoets word.  
Vra jousef af wat jou motief is om  
die raad wat jy kry op te volg.**

Jy moet die raad van andere ewenwel nie sonder meer klakkeloos oorneem nie. Advies moet altyd getoets word. Vra jousef af wat jou motief is om die raad wat jy kry op te volg. Is dit om jousef te bevoordeel ten koste van ander? So was dit byvoorbeeld by Rehabeam. Toe hy koning geword het, kom 'n afvaardiging met die versoek om 'n verlaging van belasting. Hy raadpleeg die oudstes en hulle adviseer hom om gehoor te gee aan die versoek. Die jongmanne,

met wie hy saam grootgeword het, adviseer hom egter om nog swaarder belasting op te lê. Hy volg toe die laaste advies, vanuit 'n slegte motief. Die volk moet gebuk gaan ter wille van sy luukse lewe. Daarmee bring hy sy land in 'n burgeroorlog, wat uitloop op die verdeling van sy ryk.

In hierdie geskiedenis sien 'n mens ook dat die navolg van slegte advies 'n onderdeel was van 'n groter plan van God. God het vir Salomo gesê dat die ryk uitmekaar sou val as gevolg van sy sonde en die afgodery van die volk. God se raad sal bestaan en Hy sal al Sy welbehag uitvoer.

Laat in al jou oorweginge Psalm 86:11 jou leidraad wees: *“Leer my, Here, u weg: ek sal in U waarheid wandel; verenig my hart tot die vrees van (ontslag hê vir) u Naam.”*

## WAT SÊ DIE BYBEL OOR DIE BYBEL?

*B Kamphuis*



### Die sirkelredenasie

Is dit nie ook vir jou eienaardig nie? Daar word gesê dat as ons oor die gesag van die Bybel wil praat, ons moet luister na wat die Bybel self oor sy eie gesag sê. En nie net dit nie. Geloof beteken dat 'n mens hierdie dinge wat die Bybel oor homself sê, dan ook as deurslaggewend te aanvaar. Jy erken dus reeds by voorbaat die gesag van wat die Bybel oor sy eie gesag sê.

Is dit nie om in sirkels te redeneer nie? Hoe kan jy ooit oortuigend klink as jy vir mense sê: “Ek glo in die Bybel omdat die Bybel sê ek moet glo?” Dis mos nie 'n argument nie?!

**Wat waar is, is wetenskaplik - ook al beweer die ganse wereld en sy wetenskap die teendeel.**

**- H Bavinck**

*Deesdae* dink mense in elk geval nie meer dat dit 'n argument is nie. Hulle reken dit is outoritêr wanneer jy jou op die Bybel self beroep vir jou geloof in die Bybel. Mense wil argumente hoor wat hulself nie aan die Bybel ontleen nie, argumente wat hulle gewoon volgens hul eie waarde kan skat.

Is daar dan nie sulke argumente nie? Verseker is daar. Selfs mense wat nie glo nie, moet eintlik toegee dat die Bybel 'n indrukwekkende boek is en 'n magtige erfenis van die mensheid. Hoe oud is die Bybel nie: duisende jare gelede is die eerste stukke alreeds geskryf! Dit is pragtige literatuur, 'n aangrypende geskiedenis ... en al die wysheid! Bowenal: hoe dikwels het die Bybel nie al sy waarheid bewys nie. Artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely: "... *selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel word, plaasvind.*" Al die profesieë in die Ou Testament oor die ballingskap en die verlossing daaruit, Jesus se beloftes oor die evangelie prediking aan die hele wêreld, en dat sy gemeente nie oorweldig kan word nie, en nog baie meer ... dit het alles waar geword.

**Dit is die Gees van God wat ons innerlik hiervan oortuig.**

Daar is dus genoeg argumente *vir* die Bybel. En tog: dis nie deurslaggewende argumente nie. Want daar is ook baie ander ou, mooi en wyse boeke. Hoekom moet ons dan nou spesiaal vir die Bybel kies - vir die waarheid in die Bybel? En ja, mense kan dit ook maklik genoeg allerlei dinge in die Bybel bevraagteken. Wat het geword van Jesus se belofte dat Hy spoedig sal terugkom? Strook die Bybel se verhale eintlik met alles wat die wetenskap alreeds ontdek het, oor die ontstaan van die wêreld en die ou

geskiedenis? Is daar nie ook baie dinge in die Bybel wat lyk asof dit teenstrydig is met mekaar nie? En so kan ons baie voorbeelde noem. Daar is genoeg argumente *vir* en *téén* die Bybel wat eidelose besprekings moontlik maak.

Dit is hoekom die finale antwoord (oor die gesag van die Bybel) êrens anders lê. Ons glo in die Bybel, omdat ons buig voor God se outoriteit wat in die Bybel aan ons openbaar word. Die Bybel sê self dat dit van God af kom. Dit is die Gees van God wat ons innerlik hiervan oortuig. Ons herken in die Bybel die stem van ons Vader in die hemel: daarom glo ons onvoorwaardelik. Ons sien in die Bybel die gestalte van Jesus Christus, ons Heiland: daarom hou ons so baie van hierdie boek. Ons ervaar die krag van die Heilige Gees in die Bybel: daarom kan ons ons nie van sy gesag onttrek nie.

Dus inderdaad: 'n sirkelredenasie. Ons géé geen gesag aan die Bybel met ons argumente nie. Maar ons érken die gesag wat die Bybel vir homself opeis. Die beslissende antwoord vir die gesag van die Bybel, is wat die Bybel van homself sê: dit is die eintlike voltooide sirkel. Dit is nie "die bouse kringloop" nie. Dis nie 'n sirkelredenasie waarin jy jousef vir die gek hou en wat jy alleenlik outoritêr aan ander kan opdwing nie. Want hierdie sirkel is boontoe oop, oop na God toe. Dit is Sy gesag wat op die Bybel afstraal. Ons glo in God die Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom glo ons in hierdie boek wat Hy vir ons gegee het en wat oor Hom praat. Daarom roep ons ander mense op om na die boek te luister, in die hoop dat die krag van die Gees ook in hulle hart en lewe tot uiting sal kom.

## 2. Die ysberg

Wat sê die Bybel oor homself? As jy daarvoor begin praat, kom jy gou-gou by 'n paar teksverse uit waarin die Bybel baie uitdruklik oor homself

**Ons is van nature so ingestel dat dit makliker is om olie uit 'n klip te druk as wat dit is om 'n goeie werk uit ons te pers.**

- J Calvyn

praat. Ek dink byvoorbeeld hier aan 2 Timoteus 3:16 en 2 Petrus 1:21. Ek wil graag uitbrei oor dié twee teksverse by die volgende opskrif.

Ek wil dus nie hier begin met die “standaard” teksverse nie. Want dit is baie belangrik om te besef dat die teksverse maar net die puntjie van die ysberg is. Die Bybel praat amper nooit met soveel woorde oor homself nie. Dit is eintlik logies. ‘n Boek is nooit self die onderwerp van bespreking nie. So is dit ook met die Bybel. Daarom is daar slegs ‘n paar teksverse wat regtig oor die Bybel handel.

Maar dan moet ons nie dink dat die Skrif dus eintlik maar onbelangrik is nie. Want onder die puntjie van hierdie paar teksverse is regtig ‘n hele ysberg. Orals is daar die veronderstelling dat die Skrifte van God afkomstig is. God openbaar Homself nie net deur woorde en daede nie. Hy sorg sêlf daarvoor dat Sy openbaring op skrif gestel word.



Dit sien mens byvoorbeeld herhaaldelik by die ‘opdrag om te skryf’ wat ons in die Bybel aantref. Moses ontvang die opdrag om die woestynreis van die volk Israel te beskryf (Numeri 33:2 en vergelyk Eksodus 17:14 i.v.m. Amalek). Jeremia moet al sy profesieë in ‘n boekrol (laat) opskryf; en dit selfs twee keer, omdat die goddelose koning Jojakim die eerste rol verbrand het (Jeremia 36). Op Patmos kry Johannes die opdrag van Christus om sy visioene op skrif te stel (Openbaring 1:11). Duidelik is dit vir God baie belangrik dat sy daede en woorde skriftelik vasgelê word, sodat dit deurgegee kan word aan tydgenote en die nageslagte. Dit word selfs as só belangrik geag, dat daar aan die einde van

die Bybel gewaarsku word om niks van die geskrewe woord te verander of toe te voeg nie (Openbaring 22:18-19 en vergelyk ook Deuteronomium 4:2 en 12:32).

Maar selfs al word die ‘skryf’ nie in soveel woorde genoem nie, speel dit op die agtergrond wel ‘n belangrike rol. In sy *Gereformeerde Dogmatiek* (Deel 1 bl. 359) skryf H Bavinck dat baie profesieë waarskynlik nooit werklik uitgespreek is nie, maar bestem was om gelees en oordink te word: “die meeste (profesieë) was sorgvuldig, selfs kunstig verwerk en toon reeds deur hulle vorm dat dit vir die skrif bestem was.”

Wanneer jy in ‘n Hebreeuse Bybel kyk, sal jy opmerk dat die profesieë baie keer in die vorm van ‘n gedig geskryf is. Dit is soos prosa of poësie. Dit wil sê dat die skriftelike vaslegging onlosmaaklik daarby hoort. Die “So sê die Here” wat baie keer deur die profete gebruik word, dui nie net op hulle woorde nie, maar wel

deeglik ook op hulle geskrifte!

Dit blyk ook uit die Nuwe Testament. Met hoeveel eerbied gaan die Here Jesus byvoorbeeld nie met die Heilige Skrif om nie. Ons sou ‘n hele ‘Skrifleer’ aan die hand daarvan kon uitwerk! Dink maar net aan die versoekinge in die woestyn. Elke keer sê die Here: “Daar staan geskrywe” (Matteus 4:4, 7, 10). Met hierdie woorde oorwin Hy die duivel: Hy hanteer “die swaard van die Gees - dit is die Woord van God” (Efesiërs 6:17). Hierdie selfde wapen gebruik Hy byvoorbeeld in sy diskussie met die Sadduseërs oor die opstanding (Matteus 22:29-31) en dan blyk dit ook dat dit deurslaggewend is. Maar natuurlik gebruik die Here die Skrif nie

**Waar geen liefde is nie, gebeur daar in werklikheid niks nie.**

- M Luther

net in die stryd nie. Inteendeel, Hy gebruik dit veral positief: Hy wys daarop hoe die Skrif juis van Hom getuig (Johannes 5:39, Lukas 4:21). Die Skrif verklaar Hom wettig en regmatig. So vorm die Skrif sy legitimasië bewys. Dit is slegs moontlik deurdat die Skrif se gesag en waarheid vir Hom vasstaan.

Jesus se volgelinge gaan op presies dieselfde spoor verder. In Petrus en Paulus se prediking aan die Jode staan die Skrifbewyse sentraal. Dit sien ons in die boek Handeling. In hulle briewe is dit nie anders nie: daar word telkens weer vanuit die Skrif geargumenteer. Want daarin hoor ons die stem van God! Natuurlik was Dawid die digter van Psalm 95, en tog kan die Skrif ook sê van daardie selfde Psalm as dit aangehaal word in Hebreërs 3 en 4: *“Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor...”*. (Hebreërs 3:7 en Hebreërs 4:7).

Ook die geskrifte van die Nuwe Testament blyk te deel in hierdie gesag. Let op hoe Paulus telkens weer sy apostelskap, sy roeping deur God, benadruk: hy praat nie namens homself nie, maar namens God (baie uitdruklik in Galasiërs 1:1!). Wanneer Petrus later oor Paulus se briewe skryf, reken hy hulle ook onder die ‘geskrifte’: hulle deel in dieselfde gesag (2 Petrus 3:16; vergelyk ook 1 Timoteus 5:18, waar ‘n teksvers uit die Ou Testament en een uit die Nuwe Testament ingelei word met hierdie woorde: “Want die Skrif sê.”)

Dit is hierdie gesag wat die kerk erken het, toe sy al hierdie boeke ontvang het as “heilig en kanoniek” (NGB Artikel 5). Dit was nie maar net ‘n paar teksverse wat haar daartoe gebring het nie, ‘n paar versies waaroor jy kan debatteer of dat dit dalk vir ander uitlegte vatbaar is nie. Maar dit was die kragtige getuigenis van die Heilige Gees, wat dwarsdeur die hele Bybel klink. Dit is so oortuigend, dat jy nie anders kan as om dit te

aanvaar nie.

### 3. Die inspirasie

*“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid.”* (2 Timoteus 3:16).

Ongetwyfeld skryf Paulus hier aan Timoteus oor die geskrifte van die Ou Testament (dit was immers die ‘Heilige Skrifte’, wat Timoteus al van kindsbeen af geken het, vers 15). Maar ons het so pas gesien dat die Nuwe Testament op presies dieselfde vlak staan, wat betref herkoms en gesag.

**Orals is daar die veronderstelling dat die Skrifte van God afkomstig is.**

Paulus roep Timoteus op om by die Skrif te hou. Elke Skrifwoord is “deur God ingegee”; jy sou dit ook kon vertaal met: ‘deur God geasem’.

Waraan dink ‘n mens as dit gaan oor die ‘asem van God’? Natuurlik: aan die Heilige Gees. Die Bybel gebruik woorde om die Gees te beskryf wat letterlik ‘asem’ of ‘wind’ beteken. Paulus wys dus hier die oorsprong van die Skrif aan in die werk van die Heilige Gees. Wat mooi is van hierdie teksvers, is dat die oorsprong dan onmiddellik verbind word aan die karakter van die Bybel. Hoekom kan jy so baie met die Bybel doen: onderrig, weerlê, verbeter, opvoed? Omdat die krag van God se Gees in die Bybel woon. Die Bybel is die Boek van die Gees. Hy het hierdie Boek aan ons gegee. Maar nie dat ons dan nou op ons eie staan nie. Nee, Hy werk nog steeds deur hierdie Boek. Wie die Bybel lees, kom in die kragveld van die Gees. Wie luister na die Bybel, ontvang die gawe van die

**Die rykdomme van “Babel” is mooi en indrukwekkend, nie deur die prestasies van mense nie, maar omdat God se skepping ryk en indrukwekkend is.**

- A Vlot

Gees.

*“Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Petrus 1:21).*

Handel hierdie vers oor die Bybel? Gaan dit nie hier eerder oor die uitspreek van profesieë in plaas van die skryf van boeke nie? Kom ons kyk weer na die vorige vers. Vers 21 verskaf immers die rede vir dit wat Petrus in vers 20 sê. Daar gaan dit daaroor dat *“geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie.”* Dus, dit gaan hier definitief oor die Skrif. Dit gaan oor die manier hoe dit verklaar moet word. Jy kan nie net teksversies aanhaal en jou eie gedagtes daarin lees nie. Want ... (vers 21): agter die profesie van die Skrif staan nie net mense nie, maar die Heilige Gees self. Hy het die mense daartoe 'gedryf'.

'Gedryf' is 'n baie sterk woord. U ken seker die verhaal van Paulus se skipbreuk. Wanneer die skip so deur die wind gegryp word dat die mense dit nie meer kan beheer nie, dan gebruik Lukas dieselfde woord: *“En toe die skip meegesleep is”* en *“en so het hulle dan weggedrywe”* (Handelinge 27:15 en 17). Petrus dui hier op die oormagtige werk van die Gees.

Toegegee, dit was mense wat soos profete gepraat het en wie se woorde ons in die Skrif lees. Maar moenie uit die oog verloor nie: die Gees het oor hulle gekom (hulle in diens geneem) en hulle beheers. Om hierdie rede vra die Skrif diepe eerbied vir die werk van die Gees wanneer dit uitgelê word. Die woorde kom van God af.

### Wie die Bybel lees, kom in die kragveld van die Gees.

Ten minste, dit is wat die Bybel oor homself sê. En nou is ek weer by die begin van my betoog. Die getuienis van die Bybel oor sy eie oorsprong en gesag is duidelik genoeg. Dit hang van ons af of ons dit wil aanvaar. Wil jy in die spreekwoordelike sirkel inkom? Dan sal jy self agterkom hoe God se asem oor jou streel. Dan sal jy agterkom wat die Bybel se invloed is op jou: hy sit jou op die pad na volmaaktheid. Want dit is die rede waarom God sy Boek aan ons gegee het: *“sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”* (2 Timoteus 3:17).

Christus het homself nie gegee vir gedroomde of mooi geskilderde sondes nie, maar vir egte sonde; nie slegs vir klein of geringe sondes nie, maar ook vir groot en growwe sondes; nie net vir een of twee sondes nie, maar vir alle sondes; nie vir oorwinde of uitgedelgde sondes nie, maar vir onoorwonne en sterk en oorweldigende sondes.

M Luther

**Kennis oor die engele is bedoel om die geloof in die God wat engele stuur, te verryk en te verdiep.**

- L Floor